



PRIMÈRE SKOOL UNIVERSITAS

2017-11-17

Beste Tjokkie-ouer

Na aanleiding van die Begrotingsvergadering wat op 13 Nov 2017 gehou is, gee ons die volgende belangrike inligting aan u deur.

1. SKOOLGELD 2018

Die Beheerliggaam het tydens 'n vergadering wat op 13 November 2017 gehou is, die begroting aan die ouers voorgelê. Na deeglike bespreking het die ouers wat teenwoordig was die begroting en die voorgestelde skoolgeld, eenparig aanvaar en goedgekeur.

As 'n vergunning kan u die skoolgeld as volg betaal.

BETALING PER DEBIETORDER OF EENMALIG	
(tydperk: Februarie - Desember)	
Skoolfonds per maand	R840
Middagstudie per maand	R270
Skoolfonds + middagstudie per maand	R1 110
Skoolfonds per jaar oor 11 maande	R9 240
Middagstudie per jaar oor 11 maande	R2 970
Een paaiement (voor 28 Februarie 2018)	R9 240 (R880 korting)

INDIEN U OP ENIGE ANDER WYSE BETAAL	
(tydperk: Februarie - Desember)	
Skoolfonds per maand	R920
Middagstudie per kwartaal	R750
Skoolfonds per jaar oor 11 maande	R10 120
Middagstudie per jaar	R3 000

DEBIETORDERVORMS

- Bestaande debietorders bly geldig en u hoef nie nuwe vorms vir 2018 te voltooi nie. Die aanpassing sal outomaties gedoen word. Lig asb. die finansiële kantoor (daleen@tjokkies.co.za) in indien u debietorder aangepas word wanneer boeties/ sussies weg is of nuwe boetie/ sussie moet by gesit word.
- Nuwe ouers wat nie verlede jaar in Tjokkies was nie en wat per debietorder wil betaal moet 'n debietordervorm invul en nie later as Maandag, 22 Januarie terugbesorg, sodat dit nog betyds by die bank kan deurgaen. Debietordervorms is by die kantoor of op die webblad beskikbaar.
- Alle ouers wat nog nie per debietorder betaal nie word aangemoedig om die opsie te oorweeg, daarom die korting van R80 per maand of R880 per jaar.
- Debietorders hou vir die skool die voordeel in dat skoolgeld stiptelik en op 'n gereelde basis oorbetal word, en dit vergemaklik ons administrasie geweldig. Verder help dit ons om ons maandelikse verpligting stiptelik na te kom.

ANDER BELANGRIKE SAKE:

- Indien enige paaiement nie gemaak of suksesvol deur die bank betaal is nie, is die totale uitstaande skoolgeld onmiddellik betaalbaar. Indien 'n debietorder nie deurgaen nie sal u vir die ekstra bankkoste aanspreeklik gehou word.
- Skoolgeld is betaalbaar voor of op die 7^{de} van elke maand.
- Vir ouers wat op die 15^{de} salaris ontvang, is die keerdatum die 20^{ste} van die maand. Dit is egter belangrik dat u ons finansiële beampte hiervan in kennis sal stel en die nodige reëling maak.
- Alhoewel skoolgeld verpligtend en afdwingbaar is, maak die Skolewet voorsiening vir korting of kwytskelding. Ouers wat nie skoolgeld kan bekostig nie, kan ooreenkomstig die Skolewet aansoek om korting of kwytskelding doen. Aansoekvorms is vanaf Januarie 2018 by me Beulah du Plessis beskikbaar en moet voor of op 8 Februarie 2018 ingehandig word. Aansoeke wat laat is of waarby nie die nodige bewyse aangeheg is nie, sal nie in aanmerking geneem kan word nie.
- Ouers moet elke jaar heraansoek doen vir korting of kwytskelding, aangesien u omstandighede kon verander het.
- Die Regulasies vir korting of vrystelling van skoolgeld, wat deur alle ouers voltooi moet word, word saam met die eerste nuusbriëf in Januarie 2018 aan u gestuur.
- Die begroting en 'n uittreksel van die Skolewet rakende korting is by die skool beskikbaar sou u belangstel om insae daarin te hê.

2. KONTANTVRYE SKOOL (Veral nuwe ouers moet kennis neem)

Die hantering van groot bedrae kontant skep 'n veiligheidsrisiko, vir kinders en personeel, en derhalwe het die Beheerliggaam reeds jare gelede tydens 'n begrotingsvergadering, besluit om n kontantvrye skool te word. Baie dankie dat u hierdie reëling respekteer.

Hoe nou gemaak?

- Die maklikste is om 'n debietorder te reël. Indien u nie per debietorder wil/kan betaal nie, is daar heelwat ander wyses van betaling soos bv.
 - ✓ Internetbetaling
 - ✓ Bankdeposito
 - ✓ Kitsbank oorbetalings
- In die geval van 'n kitsbank moet u eenmalig met u bank reël om die skool as begunstigde te koppel. Die oorplasing van geld is so maklik soos enige ander kitsbanktransaksie.
- Dit is ook belangrik dat u in al bogenoende opsies u kind(ers) se name en skoolrekeningnommer vermeld, sodat dit op die skool se bankstate verskyn. Skakel die kantoor vir u kind se rekeningnommer.
- Ander vrywillige nie-kurrikulumgelde soos middagstudiegeld en toergeld moet ook by wyse van bogenoemde opsies betaal word. Indien ons nie die gelde ontvang nie sal die dienste nie kan voortgaan nie. **U kan ook reël dat middagstudiegeld saam met die skoolgeld per debietorder afgetrek word. Middagstudiegeld is R750 per kwartaal vooruitbetaalbaar. Indien u dit oor elf maande saam met skoolgeld betaal is dit R270 pm ekstra.**
- Klein bedrae soos foto-, uitstappiegeld, ens. sal seker moeilik uitgeskakel word, maar ten minste hanteer ons geen groot bedrae geld nie. Alle bedrae meer as R50 moet direk inbetaal word met die korrekte verwysing.

Die bestuur van die skool bedank u vir die jaar se ondersteuning en wens u 'n skitter en geseënde 2018 toe.



.....
W BURGER
Voorsitter vd Beheerliggaam

.....
JOHANNES KRIEL
Voorsitter v d Finansiële komitee